ERFDEEL PLAASTEATER

BIED AAN: MATHYS ROETS in konsert!

SAT 3 SEPTEMBER 2011

18h30 vir 19h00

BESPREEK VROEGTYDIG!!

AANDETE EN VERTONING R200 P/P

CONTACT RIANA 083 708 7316 / 011 903 8379

E-MAIL venue@erfdeel.com www.erfdeel.com

venue@erfdeel.com www.erfdeel.com

'N BIETJIE MEER OOR MATHYS ROETS

Die Suid-Afrikaanse sanger Mathys Roets begin sy loopbaan as sanger in alle erns gedurende 1996.

Mathys het homself oor die afgelope vyftien jaar as 'n ernstige Afrikaanse vermaaklikheidskunstenaar gevestig. Die lang man met die meesleurende stem is veral bekend vir sy besonderse vertolking van musiek van Koos du Plessis en Leonard Cohen, maar met sy reeks *Masters of Song,* het hy ook reg laat geskied aan die immergewilde klanke van Cat Stevens, Neil Diamond en Roger Whittaker

Mathys tree gereeld by die groot kunstefeeste op, waar sy vertonings gewoonlik reeds voor die feeste begin, vol bespreek is. Hy sing beide Afrikaanse en Engelse musiek wat groot byval vind by sy gehore.

Hy het ook al op uitnodiging gesing in Engeland, Griekeland, Kanada, Londen, Dubai, Nieu-Seeland en Australië – met groot sukses.

Mathys het reeds 14 CD's vrygestel en is ook die eerste kunstenaar in Suid-Afrika wat 'n DVD vrygestel het. Hierdie DVD, "Mathys Live Vrydag die 13de", verkoop tans baie goed en is landwyd beskikbaar. Die opname sluit twee ure se opnames in die Centurion Teater in en Mathys sing saam met sy orkes van sy bekendste liedjies asook 'n paar nuwe treffers. Mathys beskryf die opname as een van die hoogtepunte van sy loopbaan. **Die DVD is ook 'n eerste vir SA!**

Hy het ook sy tweede DVD, "Songs of Leonard Cohen", einde Desember 2005 vrygestel. Die vertoning is lewendig opgeneem in die Sand Du Plessis teater in Bloemfontein, waar hy opgetree het met 'n orkes wat bestaan uit van die beste musikante in die land. Met dié opname is daar gepoog om die beste moontlike beeld- en klankkwaliteit te bied.

In 2006 het die album *Fluister* verskyn. Volgens Mathys hou hy daarvan om dinge op 'n stiller

manier te doen, en dis waarom *Fluister* so na aan sy hart lê. Die helfte van die liedjies is deur Piet van Wyk De Vries geskryf en die kwaliteit daarvan vergestalt die slagspreuk: Trots Suid-Afrikaans.

Mathys se dertiende CD, *In retrospeksie*, het 2009 verskyn. Daarop is gunstelinge soos “Don’t believe in if”, “Droomvrou”, “Dance me to the end of love”, “Daar’s ’n plek”, “Splinterruit”, “Bird on a wire”, “Fluister”, “Sprokie vir ’n stadskind”, “Hallelujah” en “Gebed”. Dié versameling van 22 liedjies som sy omvangryke talent en besonderse styl op.

Sy nuutste CD, *Droomvrouens*, is die album vir romantiese kersligaande, en ook vir daai nagte wanneer jy selfbejammerend en alleen sit en tob oor waar alles dan verkeerd gegaan het .....

Hy is sinoniem met sinvolle musiek waarna mens lank kan luister, en dat hy reeds besig is met die beplanning van sy volgende album is opwindende nuus.

Daar sal ‘n mengelmoes-program aangebied word met van sy mooiste nuwe liedjies en verskeie van die ou gunsgtelinge. Die kunstenaar met die sensuele, warm stem – soos ryk praliensjokolade – maak elke vertoning spesiaal en hy boet nooit kwaliteit in nie.

Moenie hierdie vertoning misloop nie!

Riana de Villiers

Besprekings en Administrasie

ERFDEEL AKKOMMODASIE & KONFERENSIE FASILITEIT

Tel +27 11 9038379 (Landlyn)

+27 83 7087316 (Mobiele)

Faks 086 510 7813

e-pos: groups@erfdeel.com /venue@erfdeel.com

webtuiste:

www.erfdeel.com